

# **AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

(‘n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## **EERSTE AANVULLENDE SAKELYS VIR DIE NEGENDE SINODE Gehou te Pretoria**

**6-11 September 1999**

**VERTROULIK!**

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak  
voordat die sinode oor sake daarin besluit het nie.*

## INHOUDSOPGAWE

|    |                                                 |     |
|----|-------------------------------------------------|-----|
| 1. | VERSLAG: AD HOC KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING | 278 |
| 2. | AANVULLENDE VERSLAG VAN SKK AAN SINODE          | 288 |

**VERSLAG: AD HOC KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING (Handelinge  
Agtste Sinode bl. 295, punt 142)**

**1. PERSONEEL**

Die sinode 1997 het bepaal dat die kommissie sal bestaan uit die voorsitters van die SKK, KKS en Kuratorium, of iemand deur hulle aangewys en die direkteur van kerkadministrasie.

**2. OPDRAG**

*2.1 Wanneer daar 'n moontlikheid vir hofgedinge hom voordoen of waar daar konflikte en/of twisgesprekke voorkom wat nie spoedig tot 'n bevredigende oplossing gebring kan word nie, word kerkrade/ouderlengerade en ringe versoek om die volgende werkwysse te volg:*

*2.1.1 Die raadpleging van 'n ad hoc-kommissie deur die sinode benoem, met die oog op advies en leiding, en soos volg saamgestel:*

- *SKK – voorsitter of iemand anders deur die SKK benoem;*
- *KKS – voorsitter of iemand anders deur die KKS benoem;*
- *KUR – voorsitter of iemand anders deur die KUR benoem;*
- *Direkteur van Kerkadministrasie*

*2.1.2 Wanneer bogenoemde versoek gerig word, word alle tersaaklike stukke aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur vir die nodige hantering daarvan.*

*2.2 Die finansiering van die ad hoc-kommissie se werksaamhede geskied soos volg:*

*2.2.1 Reiskoste word ten opsigte van elk van die lede voorsien uit die toegekende begroting van elke betrokke sinodale kommissie.*

*2.2.2 Waar gemeentes of enige ring op versoek besoek moet word, word eers deur die Sentrale Kerkkantoor met diesulkes geraadpleeg vir die volle of ten minste 'n deel van die reiskoste en reëlings vir verblyf.*

*2.3 Die werksaamhede van die ad hoc-kommissie vervang nie die huidige reëlings ten opsigte van kerkregtelike advies, of bestaande besluite ten opsigte van regspraktisyns se gebruik of finansiële hulp nie.*

*2.4 Wanneer kerkrade/ouderlengerade in hofgedinge beland, sonder raadpleging van die ad hoc-kommissie, behoort enige aanspraak op geldelike hulp deur die BRKA te verval.*

**3 BESOEKE**

**3.1 AP Kerk Hluhluwe 15-17/10/1997 (Handelinge bls. 295 en 365)**

*3.1.1 Die kommissie het onderhoude en wedersydse gesprekke gevoer, met die oog op moontlike versoening en oplossing van probleme, met die ouderlengeraad/kerkraad, die leraar, die beswaardes en die beskikbare lid van die ringskommissie wat ook konsulent van die gemeente was. Deur konfliktpunte te identifiseer, kerkordelike foute uit te wys, broederlike gesprek en die bymekaarbring van partye vir versoening, en die uitklare van*

misverstande en indrukke wat konfliktpotensiaal het, is gepoog om versoening te bewerkstellig. Terselfdertyd is adviese gegee vir verdere Skrifgebonde en kerkordelike hantering van sake.

### 3.1.2 Resultaat

Met leedwese moet gerapporteer word dat die beswaardes volhard het in sekere standpunte, wat daartoe gelei het dat beswaarskrifte en klagtes teen die leraar en meeste kerkraadslede gelê is, wat uiteindelik deur die ring van Suidkus tot finaliteit gebring is. Op uitnodiging van die kerkraad het ek as adviseur 'n besoek aan die gemeente gebring en 'n verdere poging aangewend om orde en vrede te bevorder. Die gemeente het op daardie stadium ernstig gevaar geloop om tot niet te gaan. Die ring van Suidkus het die beswaarskrifte en klagtes indringend hanteer en geen gronde of substansie bevind nie. Daardeur is die wettigheid van die kerkraad/ouderlingeraad bo alle twyfel gestel en is die sittingsreg van AP Kerk Hluhluwe se afgevaardigdes ook bo alle twyfel as wettig vasgestel. (vgl. Handeling, Agste Sinode, pt. 2.2, bls. 295-296). Die ouderlingeraad is gevolglik in staat gestel om verder met die betrokke sake te handel. Rapport wat daarna ontvang is, was positief dat daar grootliks rus en vrede teruggekeer het. Die versoenende gesindheid van die kerkraad/ouderlingeraad en leraar, die bereidheid om uit foute te leer, en die uiteindelijke kerkordelik-korrekte optrede ook deur die ring, het, saam met die bydrae van die ad hoc-kommissie en deur genade van Bo, daartoe gelei dat die werk van die Here normaalweg kon voortgaan.

## 3.2 AP Kerk Bothaville (14/09/1997)

3.2.1 Op versoek van die ouderlingeraad het die ad hoc-kommissie die gemeente besoek en is samesprekings gehou oor die probleme in die gemeente. 'n Afstigting en optrede deur die leraar het spanning veroorsaak. Die gemeente het ernstige finansiële tekorte ontwikkel. Sake is bespreek en advies is gegee. 'n Tweede besoek het weer gevolg nadat die leraar 'n beroep aanvaar het.

### 3.2.2 Resultaat

Die gemeente het met harde werk so gevorder dat 'n eie leraar weer beroep is en volgens berigte gaan dit tans goed en hulle skuld las het drasties verklein.

'n Besoek is gebring aan die ring van Graniet op 13/11/1998 na 'n versoek aan die ad hoc-kommissie om advies aangesien gemeentes in die ring geraak was deur grensgeskilte wat verband gehou het met gebeure in Bothaville.

## 3.3 AP Kerk Witbank (24/11/1997) en AP Kerk Hoëveld (10/02/1998, vgl. Handeling Agste Sinode bl. 336, pt. 13):

3.3.1 Ontmoetings met beide kerkrade het plaasgevind op die datums soos hierbo genoem en dieselfde werkwyse is in hooftrekke gevolg soos in die geval onder punt 1. Daar is ernstige pogings aangewend om uitvoering te gee aan die sinodale besluit nl. dat daar eenwording tussen die gemeentes behoort plaas te vind. Daar is aan beide kante vrugbare gesprek gevoer, wat verhoudings tot 'n sekere mate verbeter het, maar dit het geblyk dat die

breuk nie op hierdie tydstip oorbrugbaar is nie. Dit is duidelik dat alleen toegespitste geestelike bearbeiding en versoenende optrede van beide kante, waarin die betrokke leraars en ouderlingeraad die sleutelrol vervul, met verloop van tyd, enige hoop op uiteindelijke eenwording bied.

### 3.3.2 Resultaat

Vir die huidige bestaan die twee gemeentes afsonderlik met die reëling dat daar nie geografiese grense tussen die twee gemeentes sal wees nie. Hierdie toedrag van sake kan slegs as tussentydse of oorbruggingsmaatreël geld, totdat die gemeentes tot eenwording beweeg, of ontwikkel tot twee finansiële selfstandige gemeentes met geografiese grense wat die orde reël. Indien laasgenoemde posisie ontwikkel sou die AP Kerk Witbank ten minste moreel-gesproke 'n bruidskat aan die AP Kerk Hoëveld verskuldig wees, omrede die bydrae wat lidmate van AP Kerk Hoëveld gelewer het tot die huidige kerkkompleks.

### 3.4 AP Kerk Piketberg (23/01/1998)

3.4.1 Ernstige konflik en verdeeldheid het ontstaan tussen 'n groep lidmate aan die een kant en die leraar, kerkraad/ouderlingeraad aan die ander kant. Pogings van die kant van die ring van Clanwilliam om orde en vrede te bewerkstellig het nie geslaag nie en die hulp van die ad hoc-kommissie is ingeroep. Uit die ondersoek het geblyk dat botsende leierspersoonlikhede, onkerkordelike optrede en kant kies tussen partye die konflik tot betreurenswaardige dieptes laat ontwikkel het. Dieselfde werkwyse as in vorige gevalle is gevolg. Advies is in besonderhede gegee vir verder optrede ten einde die gemeente tot vrede, orde en eendragtigheid te beweeg.

### 3.4.2 Resultaat

Met leedwese moet gerapporteer word dat die goeie raad wat gegee is, nie positief opgevolg is nie en dat die konflik en verdeeldheid nog steeds voortduur. Wat ontstellend is, is dat die ouderlingeraad die gebeure tydens die ad hoc-kommissie se versoeningspoging gaan misbruik het om klagtes teen sommige van die beswaarde lidmate te lê en hulle selfs onder sensuur te plaas, sonder die nakoming van kerkordelike vereistes. Sonder 'n Skrifgebonde, kerkordelike leiding en verandering van gesindheid by ampsdraers wat 'n voorbeeld van versoening, vergifnis en vrede behoort te stel, lyk die toekoms vir hierdie gemeente donker.

### 3.5 AP Kerk Ermelo (17/02/1998)

3.5.1 'n Konflik en verdeeldheid wat oor 'n geruime tyd ontwikkel het en waarin strydpunte rakende die CVO-skool en die kerkraad en leraar se betrokkenheid 'n belangrike aanleidende oorsaak was, is op versoek deur die ad hoc-kommissie hanteer. Dieselfde werkwyse as in ander gevalle is in hoofsaak gevolg. Ondernemings wat uiteindelik gegee is deur die leraar, kerkraad en meerderheid beswaarde lidmate, het hoop gebied vir oplossing van geskille en terugkeer tot onderlinge vrede en orde. Andermaal het geblyk dat kerkordelik foute gemaak is, dat gesindhede vanuit die Skrif aangespreek en reggestel moet word, en is tersaaklike advies gegee. Op 23/07/1998 het die ringskommissie van die ring van Ermelo die ad hoc-

kommissie weer met probleme genader en ons advies gevra aangesien die onenigheid in die gemeente steeds voortgeduur het.

### 3.5.2 Resultaat

Hoewel sake nog nie bevredigend tot normaal teruggekeer het nie, volgens beskikbare kennis, was daar tog 'n verbetering en ontwikkeling tot regstel van die probleme. Dit is jammer dat van die lidmate hulle na buurgemeentes gewend het.

## 3.6 AP Kerk Pofadder (16-19/03/1998)

3.6.1 Spanning met betrekking tot die leraar se optrede en ontevredenheid binne die kerkraad en gemeente is aanvanklik deur die ring hanteer, wat mettertyd versoek het dat die ad hoc-kommissie hulp moet verleen. Die ad hoc-kommissie het op genoemde datums daar besoek afgelê en die kerkraad, leraar en sekere gemeentedele sowel as die lede van die ringskommissie ontmoet. Dieselfde werkwyse soos by ander geleenthede is gevolg ten einde oplossings vir knelpunte te vind, versoening te bewerkstellig en van raad te bedien. Dit het met die ondersoek van sake geblyk dat 'n ernstige vertrouwensbreuk met die leraar ontstaan het, wat verdeeldheid in die gemeente ten gevolg gehad het. Die betrokke kerkraadslede, die leraar sowel as gemeentedele is van advies bedien vir die verdere hantering van die probleme.

### 3.6.2 Resultaat

Kort na die besoek het die leraar 'n voorneme opgevolg om losmaking van die gemeente te versoek met die oog op verdere studie. Sake is verder onder leiding van die konsulent en ringskommissie hanteer. Volgens beskikbare gegewens het sake na vrede en orde teruggekeer na die losmaking van die band tussen die leraar en die gemeente.

## 3.7 AP Kerk Hoëveldrif (21/04/1998)

3.7.1 Op versoek van die ouderlingeraad het die ad hoc-kommissie op genoemde datum die kerkraad/ouderlingeraad en die leraar te Secunda ontmoet. Die werkwyse was in hoofsaak soos reeds in hierdie verslag beskrywe. Spanning, konflik en ontevredenheid met betrekking tot optrede van die leraar en sekere lede van die kerkraad het gelei tot verdeeldheid, verlies van lidmate en finansiële agteruitgang. Verskeie probleme in die bedieningspatroon van die leraar en die kerkraad is geïdentifiseer en daar is adviese gegee sowel as kerkordelike leiding.

### 3.7.2 Resultaat

Volgens beskikbare inligting is die sake verder deur die ring hanteer, is die band tussen die leraar en gemeente losgemaak en is daar besluit om voorlopig nie 'n beroep uit te bring nie, totdat die finansiële posisie verbeter het. Dit wil voorkom asof daar grootliks weer vrede en orde heers en dat geleer is uit foute wat gemaak is.

### 3.8 **JDJ van Rensburg (23/07/1998)**

3.8.1 Die ad hoc-kommissie het op versoek van die ring van Suidkus 'n versoeningsgesprek met broer Van Rensburg gevoer. Die gesprek was 'n uitvloeisel van 'n geskil tussen die partye rondom art. 19 wat deur die ring toegepas is.

#### 3.8.2 **Resultaat**

Die gesprek was nie geslaag soos wat gehoop is nie. Br. Van Rensburg wou nie sonder sy vakbondvertegenwoordiger aan 'n gesprek deelneem nie. Die saak is volgens inligting steeds aan die gang.

### 3.9 **AP Kerk Kimberley (24-25/07/1998)**

3.9.1 Die ad hoc-kommissie het op versoek van die ringskommissie hulp verleen ten einde te probeer om versoening tussen strydende partye te bewerkstellig en sekere klagtes kerkordelik te hanteer. Vir hierdie doel is die betrokke buitengewone ringsvergadering op versoek van die ringskommissie bygewoon op 25 Julie 1998, waartydens ook die kerkraad van die AP kerk Kimberley teenwoordig was. Vooraf het die ad hoc-kommissielede gesprekke gevoer met die huidige en vorige leraar, wat as sleutelpersone geïdentifiseer is in 'n moontlike versoening tussen strydende partye en oplossing van die probleme. Die vorige leraar wou egter nie die leraar van Kimberley privaat ontmoet nie, terwyl die kommissie geoordeel het dat dit baie probleme sou kon bylê. Die agtergrond van die hele saak is die appèlle by die agtste sinode en die sinode se besluite rakende die beweging bekend as Pro Christo (vgl. Handeling 8 Agtste Sinode, bls. 365-365, 281 en 332). Die buitengewone ringsitting het uitvoering gegee aan die sinodebesluite (vgl. punte 16.2, 16.3, 16.4 op bladsy 364 en punt 225.1 op bladsy 333 van die Handeling 8). Die vergadering is van hulp en advies bedien en verskeie standpunte en kerkordelike sake is deur lede van die ad hoc-kommissie aangespreek. Die ring het verskeie besluite geneem met opdragte aan die kerkraad, leiding aan die beswaardes en vir latere terugrapport. Dit was vir die ad hoc-kommissie duidelik dat 'n verskansing deur die kerkraad teen die sinodebesluite rakende Pro Christo, o.a. om die leraar te beskerm, en aan die ander kant 'n verharding by beswaardes as gevolg van die leraar en kerkraad se standpunte, die weg na werklike versoening en terugkeer na orde en vrede, 'n lang en moeisame een maak.

#### 3.9.2 **Resultaat**

Soos verwag is, het verhoudings en sake volgens beskikbare gegewens nog nie tot vrede en versoening teruggekeer nie.

### 3.10 **AP Kerk Nigel (18/08/1998)**

3.10.1 Die ad hoc-kommissie het op versoek van die kerkraad die kerkraad ontmoet na aanleiding van spanning, ontevredenheid en woelinge met betrekking tot die leraar se optrede en verhoudings in die gemeente en die hantering van 'n horlosie-projek wat vir fondsinsameling van stapel gestuur is. Dit was vir die ad hoc-kommissie duidelik dat die probleme ontstaan het vanweë die wyse waarop die horlosie-projek hanteer is, met gebrek aan gereelde verantwoording aan die kerkraad, deur bestuur van die

projek grootliks buite om die kerkraad, en gebrek aan openheid en insae vir die kerkraad toe navrae na ampsdraers van die kerkraad ingekom het oor verskeie probleme van kopers. Dit het gelei tot 'n vertrouensbreuk tussen die kerkraad en die leraar, wat gevolg is deur verskeie klagtes rakende die leraar se optrede en gesindheid. Met betrekking tot verskeie kerkordelike foute en die bestuur van sake het die ad hoc-kommissie advies en leiding aan die kerkraad en leraar gegee. As 'n wesenlik belangrike beginpunt vir herstel van vertroue, is die noodsaaklikheid beklemtoon van behoorlike ouditering van die boekhouding en finansiële posisie van die horlosie-projek met verslag aan die kerkraad en besluitneming daarna om sake reg te stel.

### 3.10.2 **Resultaat**

Die onrus, spanning en wantroue het na die besoek van die ad hoc-kommissie voortgeduur en daartoe gelei dat klagtes teen die leraar formeel hanteer is ooreenkomstig die Kerkorde en bepalings. Sedert die probleme begin het, het verskeie lidmate die kerk verlaat en ander het hulle bydraes teruggehou. Dit het daartoe gelei dat 'n eens sterk AP kerk op die rand van ontbinding gehuiwer het. Die ring van Heidelberg het na deeglike ondersoek en oorweging die tugmaatreël van KO artikel 57.4.2.2 op die leraar toegepas. Die jongste inligting dui daarop dat die finansiële posisie van die gemeente besig is om te verbeter en dat lidmate wat na ander kerke oorgegaan het, besig is om terug te keer.

## 3.11 **AP Kerk Kroonstad (28/10/98)**

3.11.1 Die ad hoc-kommissie het op versoek van die kerkraad die gemeente besoek na spanning tussen 'n lidmaat en die leraar. Die hantering van die verskil het ongelukkig gelei tot verdeeldheid in die gemeente en kerkraad. Dit het geblyk dat van die probleme in die gemeente reeds bestaan het voordat die leraar daar bevestig is.

### 3.11.2 **Resultaat**

Die partye is aangehoor en die kommissie het gewys op verkeerde optrede en gesindhede. 'n Groep in die kerkraad het afstigting as oplossing voorgestaan. Sekere regstellings was vanaf die kansel gemaak. 'n Opvolg-gesprek is gevoer met die leraar op 13/11/1998 waartydens afstigting afgekeur is en die weg van versoening as enigste uitweg erken was.

## 3.12 **AP Kerk Verwoerdburg (13/01/1999)**

3.12.1 Die ringskommissie van die ring van Moot-Sentraal het die ad hoc-kommissie versoek om hulp te verleen met 'n geskil wat sedert 'n bevestiging van kerkraadslede in Februarie 1997, nie tot 'n finale oplossing en tot rus wou kom nie. Sekere gemeentelade was ongelukkig daaroor dat sommige wettig-verkose kerkraadslede nie in die ampte bevestig was nie en daar nie met betrekking tot besware kerkordelik na behore gehandel was nie. Dit het gelei tot 'n gevoel van verontregting en selfs tot bedanking as lidmate van die gemeente. Die ad hoc-kommissie het die betrokkenes saam met die ouderlingeraad en ringskommissie ontmoet vir 'n broedelike gesprek. Advies

en leiding is gegee veral deur die uitwys en verduideliking van kerkordelike foute wat gemaak is.

### 3.12.2 **Resultaat**

Daar is in 'n broederlike gesindheid sake uitgepraat, die noodsaaklikste foute reggestel en tot versoening gekom. Die kommissie het alle rede om te glo dat die probleme iets van die verlede is, en dat waardevolle lesse uit die gebeure geleer is.

### 3.13 **AP Kerk Johannesburg (21/01/1999)**

3.13.1 Die ad hoc-kommissie was versoek om hulp te verleen toe daar 'n konflik- en geskille-situasie ontstaan het na aanleiding van die toelating van gekleurdes by begrafnisse, deur die kerkraad/ouderlingeraad en die leraar. Die verskille het ongelukkig ontaard in geskille en die vorming van twee opponerende groepe in die gemeente. Die kerkraad/ouderlingeraad is saam met beswaardes ontmoet vir 'n broederlike gesprek, waarin die werkwyse gevolg is, soos deurgaans deur die ad hoc-kommissie toegepas, nl. deur beide kante aan te hoor, foute en gesindhede uit te wys, advies en leiding te gee en te probeer om versoening te bewerkstellig. Die konsulent was ook teenwoordig. Soos meermale ook in ander gevalle gevind, was die vooraf inname van onwrikbare standpunte 'n struikelblok om uit te kom by verstandhoudings en oplossings. Deur die ontmoeting en broederlike gesprek is daar egter na die oordeel van die ad hoc-kommissie die grondslag gelê vir die terugkeer na orde en vrede onder leiding van die ouderlingeraad en met behulp van die rol wat die ring kan vervul.

### 3.13.2 **Resultaat**

Volgens beskikbare inligting is orde en vrede nog nie volledig herstel nie, maar is daar besliste vordering gemaak wat tot vrede mag lei.

### 3.14 **AP Kerk Klerksdorp (27/05/1999)**

3.14.1 Die ad hoc-kommissie is om advies genader na verskille binne die kerkraad. Die twee leraars het onderlinge spanning beleef en dit het uitgekring na die kerkraad en gemeente. Werkwyses het verskil en veral rondom 'n pastorie het daar meningsverskille bestaan.

### 3.14.2 **Resultaat**

Advies is gegee en aanbevelings oor moontlike werkswyses is gemaak. Daar het 'n positiewe gesindheid geheers om verskille op te los en die gemeente behoort in vrede en harmonie te kan voortleef.

### 3.15 **AP Kerk Koppies (26/01/1999)**

3.15.1 Die ring van Graniet (kyk punt 3.2.2) het ter vergadering die ad hoc-kommissie versoek om die kerkvisitasiekommissie van die ring by te staan in 'n besoek aan die kerkraad. 'n Lid het op 26/01/1999 aan die versoek voldoen. Die ouderlinge is gewys op prosedurefoute in verband met 'n klag teen die leraar, wat toe reeds bykans 'n jaar hangende was en tot groot onmin gelei het. Die ouderlinge het onderneem om die saak summier kerkordelik af te handel.

### 3.15.2 Resultaat

Die ouderlingeraad het nie hul onderneming gestand gedoen nie. Ontevrede lidmate het intussen hulle lidmaatskap opgesê, waaronder die klaer, sodat nou gerapporteer is dat dit rustig in die gemeente toegaan. Dit is betreurenswaardig dat lidmate verloor moet word deur ampsversuim deur ampsdraers.

## 4. ANDER SKAKELING

Die ad hoc-kommissie het heelwat skakeling gedoen met lidmate, kerkrade en leraars wat raad en advies wou hê. Telkens is op die voorgeskrewe prosedure gewys waarvolgens die kommissie amptelik versoek moet word om te help. Dit blyk dat 'n hele paar kerkrade nie aan lidmate of ampsdraers se versoek om die kommissie uit te nooi, voldoen nie. Terwyl die kommissie deur sommiges as bedreiging gesien is, is dit tog jammer dat sake nie opgelos kon word nie. Hopelik het van die probleme tog verdwyn waarvoor die Here gedank moet word.

## 5. OORSAKE VAN KONFLIK EN ONRUS IN GEMEENTES:

### 5.1 Kerkordelik

5.1.1 Een van die gebeure wat in verskeie van die gemeentes wat besoek is, bygedra het, en soms aanleiding tot geskille se eskalering tot konflik en onrus was, was die foutiewe opvattinge wat nog steeds onder kerkraadslede, leraars en lidmate bestaan met betrekking tot die sg. *gemeentevergadering*. Wat in die Kerkorde staan, insonderheid in artikels 11, 23.1 en bepalinge 34C en 34D, word eenvoudig geïgnoreer en kerkrade en leraars sondig, deur die gesag deur Christus aan hulle verleen, af te staan, deur onkerkordelik aan lidmate stemreg te verleen. In plaas daarvan dat die Christusregering deur sy Woord en Gees tot sy reg kom in die ampte wat Christus daarvoor verorden het, word dit gedegradeer tot 'n intermenslike gestoei, waarin opponerende groepe ontstaan wat teenoor mekaar punte probeer aanteken en persoonlikhede 'n meerderheidstem probeer monster vir hulle eie voorafingenome standpunte. Wie kan dan lidmate kwalik neem as hulle hul dan liever van so 'n gemeente losmaak? Watter beeld dra so 'n droewige toestand na buite? Hierdie praktyk is meermale die resultaat van 'n onwilligheid by leraars en kerkraadslede om na te lees, hulleself toe te rus vir die hoë roeping van kerkregering, en om advies te vra eerder as om voort te storm en die kudde van die Here uit te lewer aan onrus en konflik.

5.1.2 Die versuim om betyds verkeerde gesindhede en onordelikheid aan te spreek vanuit die Woord van God en in die gesindheid van Jesus Christus deur leraars en ouderlinge, laat verskille tot geskille ontaard. Soms is dit die leraar en/of kerkraadslede by wie die oorsprong lê van die onrus en konflik en versuim ouderlinge hulle plig om daarvan werk te maak. Grondliggend tot hierdie versuim is meermale 'n onwilligheid om die weg van die Kerkorde te volg, as gevolg van 'n verkeerde verstaan of 'n gebrek aan kennis van die

hantering van die sleutel van die kerklike tug deur vermaning en verdere optrede waar nodig.

## 5.2 Sondige gesindhede

Hoe dikwels het die ad hoc-kommissie nie moes kennis maak met die onwrikbare eie-EK, die gesindheid van *ek/ons moet wen* of van *ek sal eers buig of toegee as die ander een dit eerste doen!* Daar is selfs die bedenkbare situasie gevind dat lidmate met vergeldingstappe gedreig word en dat advies eenvoudig geïgnoreer word omdat dit nie tot voordeel van die eie standpunt is nie. Hierdie en verskeie ander sondige gesindhede wat nie Christus en sy gemeente se belange swaarste laat weeg nie, weerspreek 'n diep geestelike armoede by individue en selfs gemeentes. Daar is 'n dringende verootmoediging, berou en bekering en 'n terugkeer tot gehoorsaamheid aan Gods Woord nodig!

## 5.3 Lojaliteit aan die kerkverband

Die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband het hulle onomwonde en bo alle twyfel gestel op die Gereformeerde inhoud en styl van kerklike lewe, insluitende die sleutelpraktyke van kerkregering en erediens. Soms wil dit voorkom asof sommige leraars, ouderlinge/diakens en lidmate nie hiermee vrede het nie. Die ad hoc-kommissie het soms kennis gemaak met die houding van *die outonome gemeente*, wat in wese op niks anders neerkom nie as onwilligheid om in eenheid met ander AP kerke in die kerkverband saam te leef soos ooreengekom (vgl. KO artikels 1.1, 1.2 en 66). Hierdie independentistiese neigings is meermale oorsake van ongelukkigheid by lidmate wat die Gereformeerde inhoude en styl hoog ag en dra by tot 'n opvatting dat dit *die gemeente is wat regeer*.

## 6. AFSLUITING

Die persone wat deel van die kommissie was, is bewus van die erns van hierdie taak. 'n Taak te groot vir 'n mens om uit te voer. Ware versoening is immers die genadewerk van God in mense se lewens en nie die wysheid van 'n paar mense nie. Die kommissie het egter gepoog om biddend hierdie taak uit te voer en die eer van ons Hemelse Vader voorop te stel. Ons vertrou dat ons hierdie taak na wense uitgevoer het.

## 7. AANBEVELING

Die sinode benoem weer die ad hoc-kommissie vir advies en leiding ooreenkomstig die sinodebesluit van 1997 soos hierbo onder punt 2 aangehaal.

## 8. SLOTOPMERKINGS

Dit was vir my 'n voorreg om saam met toegewyde en kundige broeders die afgelope byna twee jaar hulp te verleen dat daar orde, rus en vrede in die AP

kerke mag heers, sodat die Koning van die kerk nie van ons sal sê: *Ek het teen jou....* nie, maar: *Ek ken jou werke. Kyk Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my Woord bewaar en my Naam nie verloën nie* (Op 3:8).

Opgestel deur die voorsitter van die KKS (ds. AS van Jaarsveld) in samewerking met die ander lede, t.w. die voorsitter van die Kuratorium (ds. A Boshoff) en die voorsitter van die SKK (prof. IA Brink) en die direkteur van kerkadministrasie (ds. MC Adendorff).

## AANVULLENDE VERSLAG VAN SKK AAN SINODE

### 1. Beskrywingspunte

Die eersvolgende drie beskrywingspunte is betyds in die Sentrale Kerkkantoor ontvang, maar is per abuis nie na die betrokke kommissies verwys nie.

#### 1.1 Ring van Clanwilliam: Toelating van die Halleluja as sangbundel

Die sinode beveel by kerkrade aan dat die Halleluja toegelaat word as sangbundel buite die erediens.

##### **Motivering:**

AP Kerk Hardeveld sing slegs uit die Halleluja buite die erediens. Die Halleluja is bekend aan al ons lidmate, veral die ouer geslag. Genoemde liedere stem die lidmate wonderlik in tot die erediens. Lidmate stel nie belang in nuwe sangbundels nie; dit is vir hulle soos 'n nuut vertaalde Bybel, onleesbaar, en onsingbaar.

##### **AANBEVELING**

**1.1.1 Die beskrywingspunt van die ring van Clanwilliam oor die toelating van die Halleluja as sangbundel word na die TKKM verwys om die sinode met 'n aanbeveling daaroor te dien.**

#### 1.2 Ring van Bethlehem: Wysiging van Bep. 43C van die Kerkorde

Die sinode besluit:

Die laaste helfte van Bep. 43C (vanaf ..., mits hulle vooraf ....) word gewysig omdat dit *nie prakties uitvoerbaar* is nie.

Dit kan byvoorbeeld soos volg lui:

*..., mits hulle die ouderlingeraad daarvan in kennis stel en die ouderlingeraad na die beste van sy vermoë oordeel dat hulle wel mag Nagmaal gebruik.*

##### **Motivering**

Dit skep 'n geweldige verleentheid vir die kerkraad, vir die lidmate en vir hulle familie of vriende, as 'n mens die laaste deel van die huidige Bep. 43C prakties moet toepas.

**AANBEVELING**

**Die beskrywingspunt van die ring van Bethlehem oor die wysiging van Bep. 43C van die Kerkorde word na die TKKS verwys om die sinode met 'n aanbeveling daaroor te dien.**

**1.3 Ring van Petrusburg: Frekwensie van sinodale vergaderings**

Die sinode besluit dat hy elke vier jaar sal vergader.

**Motivering**

Die laaste besinning oor hierdie aangeleentheid het gedurende die sinode se vergadering van 1991 plaasgevind, toe daar besluit is om die frekwensie van vergaderings van jaarliks na tweejaarliks te verander. Die afgelope agt jaar het die kerke in verband in 'n groot mate stabiliteit bereik wat totstandkoming en groei betref.

Wat nou die aandag moet ontvang, is interne (plaaslike) bestendigheid en groei. Hierdie ring is daarvan oortuig dat opleiding, volwasse-wording van ampte en bestendige implementering van reeds geformuleerde beleidstandpunte op plaaslike vlak nou die fokuspunt van die AP Kerk in verband moet wees. Dit kan egter net gebeur as die ampte genoeg tyd het om hulself te oriënteer en organiseer, sonder die psigologiese struikelblok van *wag om te sien wat die sinode sê*.

Die besparing wat deur die verlenging van frekwensie teweeggebring word, veral op die gebied van finansies, produktiwiteit, man-ure, ens. spreek vanself.

**AANBEVELING**

**1.3.1 Die sinode besluit om elke drie jaar 'n sinode byeen te roep (vgl. aanbeveling 24.12.2, bl.12 van die sakelys 1999).**

'n Volgende beskrywingspunt is ontvang van die ring van Newcastle en is per abuis nie deur die SKK hanteer nie.

**1.4 Ring van Newcastle: Daarstelling van lewende bloedbank**

Die sinode besluit dat dit by alle gemeentes as 'n saak van dringendheid aanbeveel word om uit die lidmate se bloedgroepbesonderhede 'n lewende bloedbank daar te stel en in stand te hou.

**Motivering**

1. In hierdie tyd waarin vigs en ander bloedoordraagbare siektes angswekkend toeneem, is dit van lewensbelang dat ons binne gemeenteverband sal weet wie dieselfde bloedgroep het sodat in geval van nood, ongeluk of operasie daar eerder 'n beroep gedoen

kan word op 'n mede-lidmaat om bloed te skenk, as om staat te maak op bloed waarvan die herkoms onseker is.

2. As elke gemeente so 'n lewende bloedbank in stand hou, dan is ons lidmate verseker dat daar landswyd bloed beskikbaar is wanneer benodig, deur bloot die AP Kerk-leraar of skriba te skakel.

#### **AANBEVELING**

**1.4.1 Die sinode versoek kerkrade om die beskrywingspunt van die ring van Newcastle oor die daarstelling van 'n lewende bloedbank te bespreek en indien moontlik binne die geledere van die plaaslike gemeente toe te pas.**

#### **Motivering**

Al lê die skepping van 'n bloedbank nie op die terrein van die kerk nie, is dit tog 'n belangrike saak wat op plaaslike vlak bespreek kan word.

Die volgende twee beskrywingspunte is eers op 29/7/1999 ontvang, bykans vier maande na die spertyd vir beskrywingspunte.

#### **1.5. Ring van Suidkus: Vrystelling van 15% bydraes**

Die sinode besluit dat gemeentes wat 'n maandelikse inkomste van minder as R15 000.00 het en 'n leraarspos onderhou, vrygestel word van die 15% heffing bereken op die eerste R10 000.00 se inkomste.

#### **Motivering**

1. Gemeentes wat sodanige klein maandelikse inkomste het, as gevolg van 'n klein lidmatetal, kan slegs 'n leraar bekostig indien hulle vrygestel word van die 15% heffing op die eerste R10 000,00 se inkomste. Daar moet besin word oor wat die belangrikste is, die 15% heffing, of die bediening deur 'n leraar.
2. Vir sommige van die klein gemeentes is die finansiële hulp wat deur die SKK aan gemeentes gebied word, nie 'n oplossing nie, aangesien hulle nie die vooruitsig het om finansiëel te groei nie.
3. Sonder die las van 'n 15% heffing kan 'n gemeente miskien selfonderhoudend wees, en is die gemeente miskien ook nie 'n verdere las vir die kerkverband nie.
4. Indien 'n gemeente finansiëel sou groei en hy oorskry die norme t.o.v. die bogenoemde 15%-heffingverligting, sal die gemeente dadelik weer onderhewig wees aan die normale vereistes soos tans geld.
5. Die beskrywingspunt bied 'n langtermyn-oplossing vir gemeentes wat minder as R15 000.00 per maand inkry.

**AANBEVELING**

**1.5.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Suidkus oor vrystelling van 15% hydraes.**

**1.6 Ring van Suidkus: Wysiging van Kerkorde Artikel 5**

Die sinode besluit dat Kerkorde Artikel 5 uitgebrei word om die moontlikheid in te sluit dat

- 'n lidmaat wat, na herhaalde pogings deur die ouderlingeraad, vir 'n tydperk van minstens ses maande steeds in gebreke bly om eredienste by te woon en kerklike meelewing te toon,
- en wat nie eens voldoende belangstelling toon om skriftelik lidmaatskap op te sê nie,
- of 'n lidmaat wat voor getuies mondeling aandui dat hy/sy nie langer gemeenskap met die plaaslike kerk wil betoon nie, se lidmaatskap deur die ouderlingeraad beëindig kan word.

**Motivering**

In gevalle waar 'n lidmaat/lidmate eenvoudig inskakel by 'n ander kerkverband sonder om lidmaatskap skriftelik op te sê, bly so 'n persoon steeds volgens die register lidmaat van die gemeente. Sonder hierdie voorgestelde byvoeging tot Artikel 5 bly die enigste weg van die kerklike tug onder die tugartikels van die Kerkorde, 'n lang en moeilike pad vir kerkrade en ringe. Soms stel lidmate so min belang dat hulle nie reageer op skrywes van ouderlingeraad nie, en ook nie opdaag vir vergaderings wat belê word nie.

**AANBEVELING**

**1.6.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Suidkus oor die wysiging van Kerkorde Art. 5.**

**2. Gemeentes ontbind**

Sandveld (datum onbekend), Louwna 11/8/1999.

**3. Leraars amp neergelê**

Di. AP Viljoen, 16/08/1999; CT Kleynhans, 18/08/1999.

**4. Versoek oor ringsindeling**

AP Kerk Koppies versoek om by die ring van Hennenman ingedeel te word.

## AANBEVELING

**4.1 Die versoek van AP Kerk Koppies om by die ring van Hennenman opgedeel te word, word verwys na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.**

## 5. Ronskrywe deur AP Kerk Sanddrift

Die SKK het kennis geneem dat die kerkraad van die AP Kerk Sanddrift 'n ronskrywe gestuur het aan kerkrade in die kerkverband met betrekking tot die kwessie van beperkte opdrag en die sogenaamde tentmakerbediening, twee aangeleenthede waaromtrent die sinode reeds besluite geneem het wat dit afwys.

Indien enigiemand in die kerkverband hierdie besluit wil laat herroep, wysig of vervang, is die kerkordelike weg daartoe die van 'n beswaarskrif of beskrywingspunt (laasgenoemde via die ring aan die sinode) waarin die rede vir die oorweging van herroeping, wysiging of vervanging volledig gemotiveer moet word.

Totdat 'n sinode 'n dusdanige beswaarskrif of beskrywingspunt goedkeur en sy besluite herroep, wysig of vervang, bly die besluite kragtens Kerkorde art. 31 bindend en indien 'n sinode 'n beswaarskrif of beskrywingspunt nie goedkeur nie, bly die besluit bindend volgens Kerkorde art. 31.

## 6. Samestelling van aanvullende sakelys

Die aanvullende verslae van die BRKA en die FK bevat kommentaar op 'n verslag in die eerste sakelys vir die sinode van 1999. Gesien die vertroulikheid van die sakelys, is adviseurs van die KKS geraadpleeg deur die SKK wat kragtens lasgewing verantwoordelik is vir die opstel van die sinodale sakelys (Kerkordeboek 1998 bl. 128, pt. L3)

Die volgende advies is van ds. AS van Jaarsveld ontvang:

*Na aanleiding van raadpleging tussen prof. FAH van Staden en myself oor 'n moontlike voorlegging van die BRKA met betrekking tot die sakelys van die eersvolgende sinodesitting, plaas ons die volgende op skrif vir u aandag:*

### 1. KERKORDELIKE OORWEGINGS

1.1 *Die sakelys van die negende sinode het reeds gesluit en het ook reeds in druk verskyn en is aan gemeentes gepos. Die sakelys is geslote en ook vertroulik totdat die negende sinode konstitueer en dan besluit oor die toelating van laat-ingekome stukke;*

1.2 *waar daar reeds 'n bepaalde saak in die sakelys verskyn, kan geen nuwe inligting, beredenering en/of enige voorlegging toegelaat word totdat die bepaalde saak, na die konstituering, aan die orde kom nie. Die vergadering moet hieroor 'n besluit neem. Die redes behoort voor die hand liggend te wees. Behalwe vir goeie orde, is die sakelys onderworpe aan*

*die vereistes van Ordereël 9, nl. opening deur Skriflesing en gebed ten einde onder leiding van die Heilige Gees as kerklike vergadering besluite te kan neem;*

*1.3 enige vooraf propaganda of inligting wat vooraf in die kerkverband gesirkuleer sou word, is 'n tugwaardige optrede wat nie alleen die goeie orde en reeds ooreengekome werkwyse ondermyn nie, maar sou ook beteken 'n eensydige vooruitgrype wat ordereël 9 in gedrang bring.*

## 2. ADVIES

*2.1 Die BRKA of betrokke lede moet geadviseer word dat die bogemelde werkwyse gevolg moet word en dat die voorgeneme voorlegging daarvolgens en in ooreenstemming met ordereëls 15 tot 17 ter vergadering hanteer behoort te word.*

In die lig van die advies het die SKK die volgende besluit geneem:

*Die BRKA en FK word versoek om die betrokke gedeeltes wat kommentaar op die minderheidsverslag bevat, as los bylaes by hulle verslae aan te bied, sodat die sinode eers oor die toelaatbaarheid daarvan kan besluit alvorens dit aan afgevaardigdes uitgedeel word. Indien die BRKA en FK nie daartoe bereid is nie, word hulle aanvullende verslae in geheel as los addendum gebind en word die sinode gevra om oor die ontvanklikheid daarvan te besluit.*

Die BRKA en FK was volgens mededeling deur die administrateur nie bereid om aan die versoek van die SKK gehoor te gee nie. Ooreenkomstig besluit van die SKK is die aanvullende verslae van die BRKA en FK daarop in 'n tweede aanvullende sakelys opgeneem.

## 7. AANBEVELING

Die sinode besluit oor die ontvanklikheid van die Tweede Aanvullende Sakelys

Die SKK vertrou dat hy hiermee behoorlik uit voering gegee het aan sy lasgewing.

Voorsitter  
Prof. IA Brink

Skriba  
Ds. MC Adendorff